


# COVID -19 FINANSIëLE NUUSBRIEF

22 Junie

**INFASERING VAN GRADE 1, 2, 3 & 6 - VOORLOPIGE AKSIEPLAN EN REëLINGS.**

**Kwartaalprogram: (Voorlopig)**

| | |
|---|---|
| Kwartaal 1 | 15 Jan. 2020 – 18 Maart 2020 |
| Kwartaal 2 | 1 Junie 2020 – 7 Augustus 2020 |
| Kwartaal 3 | 12 Augustus 2020 – 23 September 2020 |
| Kwartaal 4 | 5 Oktober 2020 – 15 Desember 2020 |

Eindeksamen (ongeveer 16 November)

**Infasering datums:**

| | | |
|---|---|---|
| Orionland Gr. 0 en Grade 1, 2, 3 & 6 | - | 6 Julie 2020 |
| Gr. 4 & 5 | - | 3 Augustus 2020 |

**Algemeen**:

- Die hervatting van die skooljaar gaan gepaard met sekere prosedures wat gevolg MOET word.
- Hiermee word geen leerder/personeellid/ouer se gesondheid gewaarborg rakende die Covid 19 nie.
- Alhoewel Laerskool Orion voldoen aan alle Covid 19 regulasies en vereistes, kan Orion homself nie vrywaar as 'n Covid 19 vrye area nie.
- Ons doen 'n beroep op positiwiteit en weerhou uself daarvan om "Fopnuus te versprei.
- Alle kommunikasie met Laerskool Orion moet telefonies of per e-pos plaasvind. (Geen besoekers tensy telefonies/per e-pos afsprake gemaak is – besoekersregister word bygehou.)
- Geen ouers in skoolgronde.
- Geen busvervoer is beskikbaar.
- Naskoolsentrum vir Orionlad, Grade 1, 2, 3, 6 & 7 sal beskikbaar wees. (Sien naskool kommunikasie).
- Kleredrag: Leerders kom steeds met skoolklere skool toe. Indien die klere nie meer pas nie, mag die leerders sweetpakke of warm klere dra.

**Covid-19 Protokol**

- Maskers is verpligtend.
- Sosiale distansiëring 1.5 – 2 meter.
- Hande was of saniteer.
- Hoes / Nies in elmboog of snesie.
- Geen drukkies of handskud nie.




# COVID -19 FINANSIëLE NUUSBRIEF

22 Junie

**Kommunikasie:**
Laerskool Orion kommunikeer deur gebruik te maak van die volgende platvorms:

- Whats App klasgroepe
- Communicator
- Facebook
- Google Classroom

Maak asseblief seker u is deel hiervan.

E-pos adresse en selfoonnommers:

| | |
|---|---|
| info@lsorion.co.za | diehoof@lsorion.co.za |
| it@lsorion.co.za | adjunkhoof@lsorion.co.za |
| Mnr. J Grove (Skoolhoof) | 082 556 3785 |
| Mnr. Mark van Rooyen (Adjunkhoof) | 082 445 2451 |
| Me. Johannie Alberts DPJ | 082 678 8308 |
| Mnr. Bertie Oosthuizen DPS | 083 609 3259 |
| Mnr. James Hart DPO | 082 788 3825 |
| Mnr. Manie Scholtz DPS | 072 124 6982 |

**Skool- en hektye:**
Maandae tot Donderdae

| | | |
|---|---|---|
| Gr. 1, 2 & 3 | - | 07:30 – 13:30 |
| Gr. 6 & 7 | - | 07:30 – 13:50 (Gr. 4 & 5 vanaf 3 Aug. 2020) |
| Vrydae (almal) | - | 07:30 – 13:00 (Hekke sluit 13:30) |

Hekke maak oop om 06:45 in die oggend.
Hekke sluit om 14:30 in die middag.
Geen leerders in skoolgronde behalwe Naskoolleerders.

**Infaseringsmodel vir 6 Julie 2020**
Graad 1 / 2 / 3

- Klasse word in twee gedeel.
- Slegs 50 % van leerders gaan daagliks toegelaat word.
- Klasse kom op alternatiewe dae skool toe.
  (Dus “Blou” deel van die klas kom dag 1 en “Grys” deel van dieselfde klas kom dag 2)
- ‘n Tien dag siklus word gevolg. (Sien rooster)






**Voordele:**

- Sosiale distansiëring (Kleiner klasse)
- Leerders bly by hulle klasonderwyseresse
- Ekstra hulpverlening en inskerping kan optimaal plaasvind.
- Families met leerders in Grade 6/7 kan almal op dieselfde dag geakkommodeer word.
- Ons prioriteit is ook die emosionele welstand van ons leerders.
- Meer individuele aandag en kontaktyd met leerders.

U sal deur die onderwyseresse in kennis gestel word by watter "kleur" (Blou/Grys) u kind sal inval.

**Rooster vir Gr. 1 – 3**

- Leerders met vanne A tot J is in die BLOU deel van die klas.
- Leerders met vanne K – Z is in die GRYS deel van die klas.

| Dag | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Datum: | 6 Jul | 7 Jul | 8 Jul | 9 Jul | 10 Jul | 13 Jul | 14 Jul | 15 Jul | 16 Jul | 17 Jul |
| | 20 Jul | 21 Jul | 22 Jul | 23 Jul | 24 Jul | 27 Jul | 28 Jul | 29 Jul | 30 Jul | 31 Jul |
| Kleur | Blou | Grys | Blou | Grys | Blou | Grys | Blou | Grys | Blou | Grys |

(Nuwe rooster vir Augustus sal volg)

**Graad 6 ( tot en met 3 Augustus 2020)**

- Almal kom skool toe.
- Registerklasse word vermeerder na sewe om sosiale distansiëring moontlik te maak.
- Leerareas word deur oorspronklike personeel aangebied via interaktiewe borde.
- Klasse wissel nie, personeel wissel.
- Meer individuele aandag en kontaktyd met leerders.
- Ekstra hulpverlening en inskerping kan optimaal plaasvind.
- Ons prioriteit is weereens die leerders se emosionele welstand.
- Ons versoek dat ouers asseblief geen versoeke vir klasse sal plaas nie aangesien dit reeds moeilik is om die indelings te doen.




# COVID -19 FINANSIëLE NUUSBRIEF

**22 Junie**

**<u>Aksieplan rakende Gr. 1, 2, 3 & 6 se terugkeer</u>.**

Prosedures voor u leerders skool toe stuur:

- Dit is u, as ouer/voog, se verantwoordelikheid om Orion in kennis te stel
  van enige redes hoekom 'n leerder nie kan skool toe kom nie as gevolg van gesondheids- of enige ander redes. (Laat weet asb die skool per e-pos, telefonies of per Whats App.)
- Indien 'n leerder Covid -19 positief / in isolasie was, moet bewys gelewer word dat die leerder weer Covid-19 vry is.
- Onderliggende siektetoestande moet verklaar word. Vorm sal uitgegee word.
- BLY TUIS AS JY SIEK IS!!
- Almal moet maskers dra (geen deel van maskers nie!)
- Leerders kan ook hulle eie saniterings- of ontsmettingsmiddels saambring skool toe.
- Ons versoek ouers om te wag tot leerders geskandeer en toegelaat is tot die skoolterrein voordat u ry.
- Skoolklere moet elke dag gewas/gesaniteer word.
- Laatkommers (na 07:30) moet by kantoorhekkie aanmeld en Covid-19 protokol volg.

**<u>Leerders maak van die volgende hekke gebruik</u>:**

- Gr. 1
  Gibson se hekkie in Toinettestraat.
  (Ouers en leerder beweeg na Gr. 1 personeel en ouers beantwoord Covid 19 vrae)
- Gr. 2 & 3
  Kantoor se klein hekkie in Toinettestraat.
  (Leerders word geskandeer en beantwoord self die vrae)
- Gr. 6
  Alex se hekkie by die saal in Estellestraat.
  (Leerders word geskandeer en beantwoord self die vrae)

NB.: Hekke maak eers 06:45 oop en sluit weer 14:30




# COVID -19 FINANSIëLE NUUSBRIEF

22 Junie

**Prosedures:**

- Gr. 1, 2 3 & 6 leerders sal ‘n skanderingstasie met personeel hê waar leerders Covid 19 protokol moet volg.
- Sosiale distansiëring buite skoolhekke 1.5 – 2 meter .
- Geen drukkies of omhelsing.
- Dra maskers / Hoes/nies in elmboog.
- Leerders word geskandeer en hande en skoene word gesaniteer.
- Leerders /ouers word gevra oor die volgende simptome:
  Koors / Hoes / Nies / Hoofpyn / Naarheid / Kontak met Covid 19 positiewe persone.
- Koors mag nie 38 ° of hoër wees nie.
- Indien leerders positief antwoord op enige van bogenoemde simptome sal hulle nie toegang tot die skool verkry nie.
  (Ouers moet dus wag totdat leerders toegang verkry)
- As leerders toegang verkry beweeg hulle na hulle registerklasse.

**Verkeer:**

- Ons doen ‘n beroep op ouers om geduldig te wees. Probeer asb om nie die verkeer op te hou nie. Neem ander in ag.

**Klasse**:

- Leerders en personeel moet deurentyd hulle werkstasies saniteer en ontsmet.
- Leerders bly in klasse en wissel nie.
- Geen skryfbehoeftes word gedeel nie.
- Covid-19 protokol geld ten alle tye.

**Pouses:**

- Bly in klasgroepe tydens pouses in bepaalde areas.
- Geen leerders word toegelaat om rond te hardloop of te speel nie.
- Covid-19 protokol word gevolg.
- Skandering en sanitering vind na beide pouses plaas.

**Kleedkamers**:

- Was hande
- Gebruik handdroërs.
- Saniteer weer by klas.






**Snoepie:**

- Covid-19 protokol moet gevolg word.

**As die skool uitkom**:

- Naskool-leerders beweeg na hulle onderskeie klasse.
- Oorblywende leerders word stiptelik afgehaal soos volg:
  Gr. 1, 2 & 3 - 13:30 Gr. 6 - 13:50
- Leerders gebruik dieselfde hek om die terrein te verlaat as waar hulle ingekom het.
- Hekke sluit 14:30
- Covid-19 protokol moet gevolg word.

**Kwarantyn area**:

- Personeel/leerders wat by die skool siek word moet so gou as moontlik afgehaal word / terrein verlaat.
- Daar word nie van die skool verwag om Covid-19 gevalle te identifiseer nie, maar Orion bestuur slegs die skoolomgewing volgens voorskrifte en protokol.
- Alle leerders moet hulle persoonlike inligting opdateer vir effektiewe Covid-19 bestuur.

**Wat doen die skool in verband met sanitering**?

- Daaglikse sanitasie en ontsmetting.
  - Weeklikse “Deep Cleaning” en sanitering van die hele skool word gedoen deur ‘n eksterne maatskappy. ‘n Sertifikaat word weekliks uitgereik.
  - Elke klas het handontsmettingsmiddels asook oral in die skool op strategiese plekke.
  - Implimenteer protokol – maskers / sosiale distansiëring / Hoes/nies in elmboog of sneesdoekie / was hande.
  - Gebruik handdroërs
  - Bewusmaking.




# COVID -19 FINANSIëLE NUUSBRIEF

22 Junie

**<u>Buitemuurse Program</u>**

- Geen sport- of kultuuraktiwiteite tot verdere kennisgewing.

**Hierdie is slegs 'n dokument vir die terugkeer na die skool op 6 Julie 2020 en kan verander soos inligting van die Departement ontvang word.**

**Ons druk op u harte vir rustigheid en 'n positiewe gesindheid in hierdie onseker tye.  U sal op hoogte gehou word van enige veranderinge/gebeure.**

Vriendelike Orie groete

J GROVé
Skoolhoof